# AFRIKAANS HUISTAAL

## GRAAD 12

## VRAESTEL 2

## VOORBEREIDENDE EKSAMEN

## 2014

## PUNTE: 80

## TYD: 2½ UUR

**Die vraestel bestaan uit 25 bladsye**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die tipe vraag wat jy wil doen.

3. Die vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings.
   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Prosa (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord **VYF** vrae in totaal: **DRIE** uit AFDELING A, **EEN** uit AFDELING B en **EEN** uit AFDELING C as volg:
   **AFDELING A: GEDIGTE**
   GESIENE GEDIGTE – Beantwoord **TWEE** vrae.
   ONGESIENE GEDIG – **VERPLIGTE** vraag.
   **AFDELING B: ROMAN**
   Beantwoord **EEN** vraag.
   **AFDELING C: DRAMA**
   Beantwoord **EEN** vraag.

5. **KEUSE VAN ANTWOORDE VIR AFDELINGS B (ROMAN) EN C (DRAMA)**
   - Beantwoord vrae **SLEGS** oor die roman en drama wat jy behandel het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG.

   Indien jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. Indien jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou met jou keuses te help.

6. **LENGTE VAN ANTWOORDE**
   - Die opstelvraag oor Gedigte moet in ongeveer 250 – 300 woorde beantwoord word.
   - Opstelvrae oor die Roman- en Drama-afdelings moet in ongeveer 400 – 450 woorde beantwoord word.
   - Die lengte van antwoorde van kontekstuele vrae moet bepaal word deur die puntetoekenning. Die antwoorde moet bondig en relevant wees.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Beantwoorde ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydshantering:
    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

Blaai om asseblief

## INHOUDSOPGAWE

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees.

| **AFDELING A: GEDIGTE**<br>***GESIENE (Voorgeskrewe) Gedigte**: **Beantwoord ENIGE TWEE vrae.*** | | |
|---|---|---|
| **VRAAGNR.** | **VRAAG** | **BLADSYNR.** |
| 1. Die huis luister | Opstelvraag | |
| | | |
| 2. 'last grave at dimbaza' | Kontekstuele vraag | |
| | | |
| 3. Sonsverduistering | Kontekstuele vraag | |
| | | |
| 4. Kwatryne | Kontekstuele vraag | |
| **EN**<br>***Ongesiene Gedig: Verpligtend*** | | |
| 5. Renoster vir'n poucher | Kontekstuele vraag | |
| **AFDELING B: ROMAN**<br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | |
| 6. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | |
| | | |
| 7. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | |
| | | |
| 8. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | |
| | | |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | |
| | | |
| 10. *Vatmaar* | Opstelvraag | |
| | | |
| 11. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | |
| **AFDELING C: DRAMA**<br>***Beantwoord EEN vraag.**** | | |
| 12. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | |
| | | |
| 13. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | |
| | | |
| 14. *Mis* | Opstelvraag | |
| | | |
| 15. *Mis* | Kontekstuele vraag | |

***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**KONTROLELYS**

Gebruik die onderstaande kontrolelys om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK √ |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte) | 1-4 | 2 | |
| A: Gedigte (Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman (Opstel- of kontekstuele vraag) | 6-11 | 1 | |
| C: Drama (Opstel- of kontekstuele vraag) | 12-15 | 1 | |
| **LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C ONDERSKEIDELIK.** | | | |

**AFDELING A: GEDIGTE**

**VOORGESKREWE GEDIGTE**

Beantwoord ENIGE **TWEE** vrae.

**VRAAG 1: OPSTELVRAAG**

**Die huis luister – Daniel Hugo**

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vraag wat volg.

**Die huis luister** ~ ***Daniel Hugo***

my kamers is hol soos 'n binne-oor
ek hoor hoe die bewoners roesemoes
liefde maak, verwyt, mekaar vertroos, skoor
soek met die goor hede, nooit tevrede
aanhou kibbel oor kon en sou en moes

luister, ek bewaar julle verlede
my fondamente kraak onder die las
my plafonne raak voos van die eggo's
te veel vloeke laat my pleisterwerk bars
jare se trane laat my rame roes

so word ons saam verweer deur dit wat was
my dakplate en julle gebede
fluister en knal al hoe harder om hulp
ongehoord in elke nag se oorskulp

[Uit: *Dooiemansdeur*, 1991]

Die digter maak van beeldspraak gebruik om die tema van sy gedig duidelik te maak. Halfrym is ook opvallend en funksioneel. Bespreek hierdie stelling in ‘n goedgestruktureerde opstel van **250-300 woorde**. Sê ook of jy met die tema van die gedig saamstem of nie. **[10]**

**OF**

**VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**“last grave at dimbaza” – Fanie Olivier**

beauty douglas was born
op ‘n wintersnag so all forlorn
omring deur die sterre se liggies
en koerante kaal klip
en nuuskierige hande
en tien ander gesiggies
a 'n dogter oplaas 'n dogter
om beeste te kry om die wêreld
te wei a dis lekker
om ‘n vader te is te is

die ma het ‘n briefie geskryf
aan haar man op die myne
om te sê van die kind en te vra van die geld
want dit was sy kind die dogter
was syne om te sê: o my man
o my man ek het beeste gebaar
op 'n wintersnag so all forlorn
met die sterre soos goud en die mielies klaar
beauty douglas your daughter was born

sy hart het oopgeskiet tussen lae klip
opgeskiet boontoe en oopgevou
in 'n laatnagbrief: my vrou
my vrou sê aan beauty douglas
haar pa het haar lief.

hy’t sy brief gepos met sy viersentseël
‘n lugposbrief aan beauty douglas
om te sê hy’t haar lief
die adres was mnxesha
oor kingwilliamstown kaap

saans as hy sy moegheid streel
het hy gedroom van sy meisiekind
en op 'n sonskynmiddag twee maande later
het 'n brief uit mnxesha hom teruggevind:

“beauty douglas was born
she died”

[Uit: S*kimmellig*, 1978]

2.1 Hoekom word aanhalingstekens by die titel gebruik? (1)

2.2 Verduidelik die moontlike ironie in die dogtertjie, Beauty Douglas, se naam. (1)

2.3 "So all forlorn" (versreël 2) herinner aan die bekende Kersliedjie "Mary's boy child".

Watter moontlike parallel is daar tussen hierdie Kersliedjie en die geboorte van beauty douglas? (1)

2.4 Benoem die beeldspraak wat in versreël 6 aangetref word. (1)

2.5 Noem TWEE van die sake wat die ma in die brief aan haar man noem. (2)

2.6 Verduidelik die betekenis van reël 16 in jou eie woorde. (1)

2.7 Bespreek die beeldspraak in reël 18. (1)

2.8 Wat is die funksie van die dubbelpunt aan die einde van reël 33? (1)

2.9 Haal die kontras aan wat in versreël 30-35 voorkom. (1)
**[10]**

**OF**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Sonsverduistering – P.J. Philander**

Langsamerhand, geruisloos skuif die vlek
van skadu en verklein die sekelboog
van son tot dreigend swart die kol daar hoog
'n koue vreemde skemerte laat trek
wyd oor die vlakte waarvandaan, swygsaam,
'n vaal streep donkies met die kortste pad
oorhaastig stalwaarts swingel nog voordat
die skape blêr-blêr na die kraal toe gaan.
Oor gans die mensdom hang 'n skaduwee
wat alle lig van God en Christus so
verduister Sy pad onsigbaar is,
En ons, aan hierdie duisternis gedwee,
het nie 'n skaap se voorgevoel of glo
dat ons moet tydig Huiswaarts keer vir rus.

[Uit: *Uurglas,* 1995]

3.1 Dui die rympatroon van hierdie gedig aan. (1)

3.2 Met watter digsoort het ons hier te make? (1)

3.3 Verduidelik die kontras wat in die titel voorkom. (2)

3.4 Van watter stylfiguur maak die skrywer gebruik om die ononderbroke beweging van die maan te beklemtoon? (1)

3.5 Dink jy die gebruik van enige ander dier as die donkie (reël 6) en skape (reël 8), sou so effektief gewees het? Motiveer jou antwoord. (2)

3.6 Watter invloed sou die weglating van die punt in reël 8 hê? (1)

3.7 Waarvan is die skaduwee (reël 9) simbolies? (1)

3.8 Verduidelik die progressie in die sestet. (1)
**[10]**

**OF**

**VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Kwatryne – Ina Rousseau**

**10**

Agter die skerms, lank reeds gegrimeer
aanskou ek die verhoog se glans en kleur
en wag dat u my toelaat om oplaas
my rol te gaan vertolk, o Regisseur.

**11**

As daar applous was vir die laaste maal
en U die dékor moeg na onder haal
sal U vir ons wat ons kostuums uittrek
volgens ons moeite en geduld betaal?

**12**

In hierdie klug vergeet soms 'n akteur
heel onverwags sy reëls en loer versteur
na die coulisses links en regs
maar geen souffleur se stem dring tot hom deur.

**13**

Ofskoon die saal se ligte nie meer brand
vra menigeen aan die verhoog se kant

nog steeds: Is ek van hierdie klug die held
of teen die agterhoek 'n figurant?

[Uit: *Die verlate tuin,* 1954]

4.1 Haal enige woord uit kwatryn *10* aan wat daarop dui dat die gedig se inhoud vanuit die toneelwêreld ontstaan het. (1)

4.2 Watter woord gebruik die spreker in kwatryn *11* om die verwagting wat sy van die gehoor het, te verduidelik? (1)

4.3 Skryf 'n woord uit kwatryn *12* neer wat daarop dui dat die spreker die lewe en die reëls waarvolgens 'n mens behoort te leef, nie baie ernstig opneem nie. (1)

4.4 Noem die stylfiguur wat in kwatryn *12*, reël 1 aangetref word. (1)

4.5 Kies die korrekte antwoord uit die keuses hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (4.5) en die letter (A – D) neer.

Die *souffleur* (kwatryn *12*) se funksie is om...

A die spreker se speelruimte weg te neem.
B vir die spreker riglyne vir die lewe te gee.
C die spelleier vir die lewe te wees.
D die spreker se masker af te haal. (1)

4.6 Waar vind die wending in kwatryn *13* plaas? (1)

4.7 Wat wil die spreker eintlik met die eerste deel van die retoriese vraag in kwatryn *13* vra? Skryf dit in jou EIE woorde neer. (1)

4.8 Wat is die funksie van die herhalende aaba-rympatroon in kwatryn *13*? (1)

4.9 Hoekom dink jy bestaan die indruk by die spreker dat die lewe soms toneelspel is? (2)

**[10]**

**EN**

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Renoster vir 'n poacher ~ Lynné Schoeman**

Gretig gryp hy
na 'n groene; sy skreefoog
al strelend
oor die deel wat hy steel.
Madiba se watermerktrane

vlek die senotaaf

van ‘n wildswonder
(sy waardigheid verwond)
nes hy sy rug draai.
Maar geld is geld
en hy gryp gierig,
want wat is ‘n horing nou
uit ‘n vreemdeling se vasteland?

[Uit: *Jip*, 28 April 2014]

5.1 Na watter "*vasteland"* (reël 13) word hier en in die gedig as geheel verwys ? (1)

5.2 Gee die Afrikaanse woord vir "*poacher"* (in die titel). (1)

5.3 Verduidelik in jou eie woorde wat met reël 8 bedoel word. (2)

5.4 Watter funksie verrig die enjambement tussen reël 6 en 7? (1)

5.5 Skryf die woord neer wat die oorsaak van die uitroeiing van renosters aandui. (1)

5.6 Waarop dui die gebruik van die woord "*skreefoog"* in reël 2? (2)

5.7 Jag is ‘n gewilde bedryf in ons land. Wat is jou mening hieroor? (1)

5.8 Vir watter teikengroep is hierdie gedig geskryf? (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**EN**

**AFDELING B: ROMAN**

Beantwoord EEN vraag.

**LET WEL:** Beantwoord EEN vraag oor die letterkundeteks wat julle in die klas behandel het.

**VRAAG 6: OPSTELVRAAG**

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Aan die einde van die roman sê Iris: "*Dit is amper tyd*." Sy verwys hier na die lelie asook haar blomtyd. Bepreek hierdie stelling in ‘n goedgestruktureerde opstel van 400 tot 450 woorde deur te verwys hoe sy van die werklikheid ontsnap, deur ‘n eksistensiële periode gaan op soek na haar blomtyd. Dui ook aan hoe die Engel haar help om tot insig te kom.

**[25]**

**OF**

## VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Lees die onderstaande uittreksels aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS 1**

Niemand het nog ooit regtig na my geluister nie. Met my geboorte, toe ek my eerste skree gegee het om my bestaan aan te kondig, was die dokter reeds buite in die gang en op pad na die volgende bevalling. Dit was volmaan en elke kamer op daardie verdieping was vol vroue in kraam. Miskien het my ma my skree gehoor alhoewel sy later vertel het sy was gedaan en het op die plek aan die slaap geraak toe ek uit was en die dokter sê: " 'n Dogter. Welgeskape." Die kraamsuster het bygevoeg: "Nog 'n dogter," want sy en Ma was bevriend. Maar ook sy was haastig om my gewas en toegedraai te kry sodat sy kon gaan help by die volgende bevalling. Pa was nie by nie. In daardie dae was dit nog nie mode nie. 'n Man het sy vrou by die hospitaal afgelaai en aangery na sy werk. Omdat Pa nie gerook het nie, kon hy nie soos 'n karakter in 'n strokiesprent in die wagkamer op en af loop en die asbak stadig maar seker met stompies vul nie. Buitendien was ek die derde kind.

7\. 1 In elke roman is 'n verteller aan die woord.

7.1.1 Watter soort verteller kom in dié uittreksel voor? (1)

7.1.2 Wat is die voordeel van hierdie soort verteller in bostaande uittreksel? (1)

7.2 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord uit die uittreksel.

Iris se pa was van haar geboorte af nie vir haar beskikbaar nie. (2)

7.3 Hoe ondersteun die handeling van die karakters in hierdie uittreksel Iris se stelling in reël 1? (1)

7.4 Watter ooreenkoms is daar, volgens Iris se pa, tussen haar naam en haar geboorte? (1)

7.5 Noem TWEE ander voorbeelde uit die roman waar Iris se ma nie na haar luister

nie. (2)

7.6 Kies die eienskap uit KOLOM B om by ’n karakter in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (8.6.1–8.6.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.6.1 | Elsa | A | Is verstrooid, tog is sy ’n goeie waarnemer. |
| 7.6.2 | Ma | B | Sal self haar blomtyd reël en beplan. |
| 7.6.3 | Kara | C | Beleef die lewe as ‘n goedgemerkte padkaart. Wie dit kan lees kan dit leef. |
| 7.6.4 | Merel | D | ’n Nonstadium en soek ontvlugting in Middeleeuse kuns. |
| | | E | Blom van onseker jong meisie tot volwasse vrou. |

(4)

7.7 Kies die KORREKTE antwoord uit die keuses hieronder. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) in die ANTWOORDEBOEK neer.

Die gebeure in hierdie uittreksel speel af in ...
A New York
B Parys (Frankryk)
C Vermont
D Suid-Afrika (1)

7.8 Hoe word Betty se emosies deur die ruimte (Teks 2) beïnvloed? (1)

7.9 Haal ’n reël uit Teks 1 aan wat by Teks 2 se reël 1–3 aansluit. (1)

7.10 Is die volgende situasie ’n voorbeeld van gebrekkige kommunikasie tussen Iris en Peter? Motiveer jou antwoord uit die roman.

‘Peter se laaste, onduidelike poskaart het voorgestel dat ons mekaar in New York ontmoet, die naweek voor Kersfees.’ (2)

**EN**

**TEKS 2**

Soos die warm lug my ledemate ontdooi het, het ’n snydende pyn in my been begin klop. “Ek dink my been is gebreek,” het ek vir die hoeveelste keer gesê.

“Ag, foei tog, poplap,” het Peter berouvol gesê en drie koffiebekers uit die rak gehaal. “Ek maak gou vir jou iets warms om te drink.” Hy het hom weer tot Brian gewend. “Dink jy regtig sy is nou beter, want daardie motor kry ons wragtig nie gou hier uit nie?”

“Haar kleur was beter. Ek dink sy het die gif – as dit gif was – alles uitgespoeg.”

“Het sy iets gedrink?”

Ek het my handskoene uitgetrek en op die trap langs my neergesit en my pers naels bestudeer terwyl die mans Bettie se herstel bespreek het.

“Wil jy nie net gou weer gaan loer nie?” het Peter vir my gevra.

“Ek kan nie loop nie.”

Peter het sy koffiemakery gelos, my op die kroontjie van my nat kop gesoen en die trappe twee-twee opgespring boontoe. Ons kon sy bewegings monitor soos die houtvloere vibreer het en ’n paar minute later was hy terug by ons, redelik opgewek.

“Sy slaap rustig,” het hy gesê. “Haar asemhaling is normaal. Ek het net nog ’n kombers oorgegooi.” Hy het die yskas baldadig oopgegooi, melk by ons koffie geskink en een beker vir my aangegee. “Ek dink die krisis is verby.”

7.11 Lees reël 9–11.

7.11.1 Watter karakter dreig om Bettie te vergiftig? (1)

7.11.2 Watter rede voer die betrokke karakter vir dié dreigement aan? (1)

7.12 ‘Ek is nie ’n beskermengel nie,’ sê die Engel by herhaling wanneer Iris hom verwyt. Op watter manier bewys die Engel in hierdie gebeure die teendeel (1)

7.13 Peter sê: ‘Ek dink die krisis is verby.’ Waarom is die gebruik van die woord *krisis* in hierdie aanhaling ironies? (2)

7.14 Voltooi die volgende sin:
Bettie sê sy het siek geword omdat ... (1)

7.15 Van watter innerlike konflik vertel Iris die Engel tydens haar hospitaalverblyf? (1)

7.16 Tot watter belangrike insig ten opsigte van haar toekoms kom Iris tydens haar hospitalisering? (1)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 8: OPSTELVRAAG

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS*** **– Pieter Pieterse**

Baas se karakter, in sy soeke na Christenskap, ontwikkel algaande.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 – 450 woorde. Verwys in jou bespreking na Baas se ontkenning dat hy soos 'n Christen optree en na God soek, sy geleidelike betrokkenheid by geestelike aktiwiteite en sy uiteindelike berusting en geestelike sekerheid. **[25]**

**OF**

## VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS*** **– Pieter Pieterse**

Lees die onderstaande uittreksel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS 1**

Twee jaar ná sy aankoms op die kontinent vestig Dennis Chipman hom op die wal van die Zambezi tussen die mense van die Lozi-stam in Barotseland, die westelike provinsie van die huidige Zambië. Hy vang nie ’n enkele skoenlapper nie, en gaan nooit terug na sy land van herkoms nie. Onder die Malozi staan hy bloot as Baas bekend. Hy en Brindle, later ook hy en die basterafstammelinge van die oorspronklike Brindle – altyd met ’n Brindle as tropleier – word legendariese buffeljagters. Hy kap die trofeë aan die stamme van die reuse-oewerbome om sy kamp vas en dit besorg aan sy blyplek die naam Manaka, wat Plek van die Horings beteken.

9.1 In elke roman is ’n verteller aan die woord.

9.1.1 Watter soort verteller kom in die uittreksel voor? (1)

9.1.2 Wat is die voordeel van hierdie soort verteller in bostaande uittreksel? (1)

9.2 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord.
Die aanvanklike rede vir Dennis Chipman se koms na Suid-Afrika was om ’n sendingstasie te stig. (2)

9.3 Noem die TWEE dinge wat Dennis Chipman, die oupagrootjie, tot stand

gebring het. (2)

9.4 Baas, die huidige Dennis Chipman, se ideaal is om die wildernisgebied van Afrika toegankliker te maak. Dink jy hy het hierin geslaag? Motiveer jou antwoord. (2)

**EN**

Lees die onderstaande uittreksel aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**TEKS 2**

Onder die worsboom kom staan Grace langs Baas. Nanna staan aan sy ander kant. Ouma Essie skuif tussen Baas en Nanna in. Almal vat hande. Oom Scholtzie dra die gemeente aan die Here op. Hy vra dat die Here tog die nood moet raaksien van siele wat verlore gaan omdat hulle nog nie die Blye Boodskap van verlossing gehoor het nie.

“Dan is daar ook iets wat ek vandag moet regmaak, muluti Malila,” sê ouma Essie toe hy klaar gebid het. Sy haal haar Bybel met die opgepofte bladsye uit haar voorskootsak.“Dit is die waarheid dat dit hierdie Bybel is waaruit ek en my muluti Joseph getroud is. Dit is ook die waarheid dat al my kinders en baie van my kleinkinders en agterkleinkinders daaruit grootgemaak is en dat hierdie Bybel die grootste is van wat ek oorgehou het uit alles wat ek in my lewe verloor het.”

“Dit is ook die waarheid dat hierdie Bybel al baie keer natgereën het, soos ek vir jou gesê het, muluti Malila. Maar hierdie bladsye wat so opgeswel is … Dis nie die waarheid dat dit van die reën is nie. Deur alles wat ek verloor het … Tibelelo se pa, wat my oudste kind en my enigste seun was … My muluti Joseph … Die kleinkinders … Deur dit alles het ek my lewe lank aan hierdie Bybel vasgehou.”

9.5 Wat kan jy oor die karakter van ouma Essie aflei na aanleiding van reël 17–24? (1)

9.6 Kies die eienskap uit KOLOM B om by ’n karakter in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (9.6.1–9.6.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| **9.6.1** Oom Scholtzie… | **A** ’n nonstadium en soek ontvlugting in |

| | |
|---|---|
| | Middeleeuse kuns. . |
| **9.6.2** Baas… | **B** is selfgesentreerd.<br>versprei die Christelike boodskap met musiek. |
| **9.6.3** Grace… | **C** verkies om alleen te wees**.** |
| **9.6.4** Nanna… | **D** tree as vredemaker op. |
| | **E** tree as versorger op. |

(4)

9.7 Op Manaka was kommunikasie ’n probleem.

9.7.1 Watter karakter in die uittreksel is oorspronklik as ’n tolk aangestel? (1)

9.7.2 Dink jy hierdie karakter was ’n geskikte keuse vir ’n tolk? Motiveer jou antwoord. (2)

9.8 Watter handeling in die uittreksel illustreer die band tussen Baas en Grace? (1)

9.9 Voltooi die volgende sin:
Die waarheid oor die ‘opgepofte bladsye’ is dat Ouma Essie die Bybel ... (1)

9.10 Kies die KORREKTE antwoord uit die keuses hieronder. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) in die ANTWOORDEBOEK neer.

Watter een van die onderstaande karakters het swak interkulturele verhoudings?

A Baas
B Meneer Whitey
C Ouma Essie
D Riekert (1)

9.11 Gee ’n voorbeeld waar Grace goeie interkulturele verhoudings openbaar. (1)

9.12 Godsdiens is ’n sterk, sentrale tema in die roman.

9.12.1 Watter karakter in die roman beleef deurgaans innerlike konflik oor Christenskap? (1)

9.12.2 Wat gee aanleiding tot hierdie innerlike konflik? (1)

9.12.3 Hoekom is dié innerlike konflik ironies as ons na dié karakter se optrede kyk? (2)

9.13 Waarom, sou jy sê, is buitestanderskap ’n universele tema in *Manaka, Plek van die Horings*? (1)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 10: OPSTELVRAAG

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

Die titel van die roman *Vatmaar* is die naam van 'n fiktiewe nedersetting, maar dit dui ook op 'n gesindheid van ruimhartigheid wat onder die inwoners van die nedersetting geheers het.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 – 450 woorde. Verwys in jou bespreking na die oorsprong van die naam, hoe die naam inpas by die gees van ruimhartigheid asook die inwoners se siening oor steel en hoe dit by die titel aansluit.

**[25]**

**OF**

## VRAAG 11: KONTEKSTUELE VRAAG

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

Lees die onderstaande uittreksel deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS 1**

Sy het net na die mans gekyk wat nog altyd op hulle pêre gesit het. Hulle het weggekyk, hulle kon haar nie in die oë kyk nie want sy was nie bang vir hulle nie. Dit het alles gebeur sonder dat die Queen se manne ’n vinger gelig het. Ek het Corporal Lewis net hoor sê: We must obey orders.

Hierna moes daar nog vier plaashuise afgebrand word. Dié keer het Chai ander planne gehad. Hy het mos geweet hoe om ’n witman te gebruik.

Maar hier het Ta Vuurmaak vaak geword en gesê: Ek het al klaar te veel waarheid gepraat. (Sy geskiedenis het hy “waarheid” genoem.) Julle stout seuns sal moet wag vir die orige vier huise. Gaan nou huis toe en doen julle se werk, ek wil slaap.

Dit was ’n lang wag tot die Sondag ná die volgende pensioendag.

Ta Vuurmaak het ’n kelkie gehad wat hy uit een van die plaashuise gehaal het en dit was sy kosbaarste besitting, het hy gesê. Net hy mag daaraan geraak het. Hy het altyd gesê dit is sy oorlogsgedagtenis. Hy het dit vol sjerrie gemaak en gesê ’n mens moet dit drink soos by nagmaal, en dan het hy die wyn so stadig gedrink as wat hy maar kon.

11.1 In hierdie roman word elke hoofstuk se storie deur iemand anders vertel.

11.1.1 Wie vertel in hierdie uittreksel die storie aan die jongetjies? (1)

11.1.2 Watter voordeel hou dit in dat hierdie karakter die storie vertel? (1)

11.2 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou

antwoord.
Die vrou na wie in reël 1 verwys word, het die mans vergewe vir wat hulle gedoen het. (2)

11.3 Noem TWEE voorbeelde hoe die Queen se manne die opdragte (reël 4 en 5) gehoorsaam het. (2)

11.4 Hoe ondersteun die 'ander planne' (reël 6 en 7) wat Oom Chai gehad het die titel van die roman? (2)

11.5 Wat word Oom Chai-hulle tydens die oorlog genoem? (1)

11.6 Voltooi die volgende sin:
Oom Chai gebruik die Britse offisier, ... , om sy 'ander planne' (reël 7 en 8) te verwesenlik. (1)

11.7 Kies die eienskap uit KOLOM B om by 'n karakter in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (11.7.1–11.7.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 11.7.1 Oom Chai…<br>11.7.2 Corporal Lewis…<br>11.7.3 TaVuurmaak…<br>11.7.4 Ta Ouma | A kan nie by jong meisies vertrou word nie.<br>B se handeling toon dat geloof belangrik is.<br>C noem ander mense *goed skelm-slim*, maar het self hierdie eienskap.<br>D was nooit bang vir 'n witman nie.<br>E kom nie met 'n Dutchman oor die weg nie. |

(4)

**EN**

**TEKS 2**

Óf Bettie óf Oom Chai het sy manier van lewe verander. Hy was nie meer die Oom Chai wat ons geken het voor hy na sy broer, Oom Steven, toe is nie. Vroeër het hy altyd kruisbande en ’n belt gedra, nou was net ’n belt genoeg om sy broek op te hou. Die weglêpunte van sy moestas was weg. En die mense het gelag as hulle hom met sy nuwe voorkoms sien, party het eers omgedraai, ander het sommer in sy gesig gelag.

Die storie het rondgegaan dat Bettie die moestaspunte afgeknip het.

Ander het weer vertel sy het vir hom gesê: As jy rêrig jou seun liefhet (wat hy regtig as sy eie en erfgenaam aangesien het), sal jy daai twee pendorings afsny.

By die stokvel het hy nou saam met sy vrou tussen die jongklomp gaan sit. Vroeër het hy altyd onder sy peperboom gesit en alles veroordeel wat hy by die stokvel sien gebeur het. Hy het nooit van die dansery gehou nie, maar nou was hy een van die voorbokke. Wanneer hulle iets te veel ingehad het, het die oumas van sy eie portuur gesê: Die blerrie fool.

Die jong mense het ’n nuwe paaitjie verby Oom Chai se agterdeur na die halfway-house toe uitgetrap.

11.8 Oom Chai het sy ‘manier van lewe verander’ (reël 1).

11.8.1 Wat was die rede vir Oom Chai se verandering? (1)

11.8.2 Haal ’n frase uit dié uittreksel aan om die inwoners se reaksie op hierdie verandering te bewys. (1)

11.9 Watter karaktereienskap kan jy van Bettie uit hierdie uittreksel aflei? (1)

11.10 Noem EEN handeling van Oom Chai, as ’n voorbok by die stokvel, wat Bettie nie kon verdra nie. (1)

11.11 Dink jy Boitjie Afrika se handeling tydens die dansery het van Oom Chai ’n ‘fool’ gemaak? Motiveer jou antwoord. (2)

11.12 Wat was Oom Chai se reaksie op die jongmense se ‘paaitjie verby sy agterdeur’ (reël 18)? (1)

11.13 Die titel van hierdie Hoofstuk is *Die nuwe Oom Chai word oud en Boitjie Afrika vat oor.* Verduidelik die ironie in die woorde *Die nuwe Oom Chai word oud.* (2)

11.14 Tot watter insig het Oom Chai later gekom ten opsigte van die wyse waarop hy Bettie behandel het? (1)

11.15 Bewys uit hierdie Hoofstuk dat Bettie tóg vir Oom Chai omgegee het. (1)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

**EN**

## VRAAG 12: AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

**LET WEL:** Beantwoord EEN vraag oor die dramateks wat julle in die klas behandel het.

## VRAAG 12: OPSTELVRAAG

***KRISMIS VAN MAP JACOBS*** **– Adam Small**

Elke mens het ideale en drome wat hy / sy graag wil verwesenlik. Somtyds realiseer dit, somtyds nie. Bespreek die rol wat die omgewing / ruimte waarin Map, Cavernelis en Blanchie hulle bevind, speel in die verwesenliking, of nie, van hul ideale / drome. Verwys ook na elkeen van hierdie karakters se innerlike konflik wat daarmee gepaardgegaan het.

Jou antwoord moet in ŉ weldeurdagte, goedgestruktureerde literêre opstel van 400 – 450 woorde weergegee word. **[25]**

**OF**

## VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG

***KRISMIS VAN MAP JACOBS*** **– Adam Small**

**TEKS 1**

| | |
|---|---|
| CYRIL: | Die storie lê hier rond ... |
| TOMMY: | So wat daarvan? |
| CYRIL: | Ja, so what!? *(Hy lag.)* ... Wanner? |
| TOMMY: | Die sewende ... |
| CYRIL: | Aha!<br>*Hulle speel.* |
| *RICHIE:* | *(Aan Tommy):* Wat sê Antie Grootmeisie, ek mien,<br>jy's mos in daar by hulle ... |
| | *Hulle speel. Tommy is besig met sy ware.* |
| CYRIL: | Silence is golden, hê? |
| TOMMY: | Okay, moenie so touchy wies nie!<br>*Hulle speel. Dan verskyn Cavernelis met sy fiets, weer op* |

*pad huis toe ná een van sy uittogte met die soft goods. Hy huiwer wanneer hy verby kom.*
Jy wiet sy kannie praat nie.

CYRIL: Hie' kom die ou vrek! *(Stilte.)* Weer overtime, ja! Skaars by die hys van sy job af, dan's hy al weer weg op sy bike, met die soft goods, tot Sondae oek ... Géld! ...

TOMMY: Laat staan die man, dis nie ons biesagheit nie!

13.1 Lees reël 1–3.

1.13.1 Na watter 'storie' verwys Richie? (1)

1.13.2 Richie voltooi nie sy sin in reël 1 nie. Hoekom nie? (1)

13.2 Lees weer Tommy se woorde in reël 4.

13.2.1 Die syfer *sewe* speel in hierdie drama 'n belangrike rol. Bewys dit met 'n ander voorbeeld as uit dié uittreksel. (1)

13.2.2 Wat is die simboliese betekenis van die syfer *sewe* in hierdie drama? (1)

13.3 In reël 6 word kursiefgedrukte woorde gebruik. Wat word sulke kursiefgedrukte woorde in 'n drama genoem? (1)

13.4 Verduidelik die ironie in Cyril se woorde in reël 10. (2)

13.5 Wat moet gebeur sodat Antie Grootmeisie weer kan praat (reël 11)? (1)

13.6 Waarom 'huiwer' Cavernelis (reël 14 en 15)? (1)

13.6 Cavernelis is 'n harde werker, 'tot Sondae oek', volgens Cyril (reël 16–18)
.

13.7.1 Wat is Cavernelis se doel met hierdie aanhoudende, harde werk? (1)

13.7.2 Hoe weet jy dat hy nie in sy doel geslaag het nie? (1)

13.8 Cyril se taalgebruik in reël 16–18 pas by die milieu waarteen hierdie drama afspeel.

13.8.1 Verduidelik die sosio-maatskaplike en politieke agtergrond waarteen hierdie drama afspeel. (2)

13.8.2 Hoe sluit hierdie reëls by die tema van die drama aan? (1)

**EN**

**TEKS 2**

CYRIL: Julle's darem op julle nerves, jong!

RICHIE: *(aan hulle almal)*: Los my yt! Wat neuk julle moet my!? *(Hy smyt sy stok neer, en lóóp.)*

TOMMY: Strange …

CYRIL: Oek nie so strange nie ...

TOMMY: So Richie het allie tyd só ... gevoel oor haar, nè? Well, I never ...

CYRIL: Smaak jy vir speel?

TOMMY: Nei, man, anner keer ...

CYRIL: Maar ek het dan gedink sy gaat oversea ...

TOMMY: Ek oek ... Anyway ... Maar 'is seker nie onse biesagheit nie ...

CYRIL: (*lag*): 'Is soes jy sê, ou Tommy ... So ... hulle siet mekaar weer, Blanchie, en Map Jacobs die bastard!

*Die lig verander. Doof uit.*

*Doof in: Blanchie en Map. Blanchie totaal verward en huilend. Op 'n afstand van mekaar.*

BLANCHIE: *(bewend):* Dis ... Johnnie ... dis Daddy! Daddy! Jy ... kom ... help. Dis Daddy!! Daddy!! Daddy!! *(Sy skreeu.)*

MAP: *(staar):* Blanchie ...

13.9 Kies die eienskap uit KOLOM B om by 'n karakter in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (13.9.1–13.9.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 13.9.1 Cyril | A. se soeke na identiteit en 'n beter lewe het negatiewe gevolge gehad. |
| 13.9.2 Richie | B. is venynig in die meeste uitsprake teenoor ander. |
| 13.9.3 Tommy | C. wil graag oorsee gaan om menswaardiger te leef. |
| 13.9.4 Map | D. is nie 'n leeglêer nie, want hy smous snuisterye. |
| | E. speel bedags kerrim, want hy het nie werk nie. |

(4)

13.10 Waarom is dit gepas dat juis Tommy hierdie woorde (reël 6 en 7) sê? (1)

13.11 Lees Tommy se woorde in reël 11 en 12.

13.11.1 Waarom bedoel Tommy nie die woorde wat hy sê nie? (1)

13.11.2 Bewys uit die drama dat Tommy se woorde en dade nie altyd ooreenstem nie. (1)

13.12 Dink jy dat Blanchie se optrede in reël 18 en 19 geloofwaardig is? Motiveer jou antwoord. (2)

13.13 Map is in reël 20 aan die woord, maar Blanchie spreek hom aan as Johnnie. Hierdie twee name verteenwoordig twee uiteenlopende stadiums in Map se lewe. Vind jy die verandering van Map na Johnnie oortuigend? Verduidelik jou antwoord. (2)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 14: OPSTELVRAAG

***MIS* ~ Reza de Wet**

Verskeie motiewe ondersteun die sentrale tema van bevryding in die drama *Mis.*

Bespreek die stelling in ‘n literêre opstel van 400 – 450 woorde waar jy verwys na Meisie se omstandighede en die invloed van die motiewe, met spesifieke verwysing na die sirkus, die venster, die blomme en die vlinder. Bring die motiewe in verband met Meisie en beoordeel dan of die motiewe die tema wel effektief ondersteun het.

**[25]**

## VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG

***MIS* ~ Reza de Wet**

Lees die onderstaande uittreksels aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.

GERTIE: (*loer uit*) Vir wat fluister hulle so? En staan so dig teen mekaar?

MIEM: Daar’s niks mee verkeerd nie. Hy is ‘n gawe jong man.

GERTIE: Hy is veels te oud vir haar.

MIEM: Aag, nee wat, Gertie. So ‘n paar in die twintig sou ek sê.

GERTIE: Ek is jammer, Miem, maar daar maak jy ‘n fout. ‘n Blinde mens lyk altyd jonger.

MIEM: Praat tog sagter. Netnou hoor hy jou. Wie weet, miskien is sy ore so goed soos sy neus. Gertie! Moet net nie daarin trap nie. (*Kyk uit. Dromerig*) As sy trou, sal hy afkom. Hy sal net moet. Hy sal beskaamd wees as sy dogter weggegee

word deur 'n ander man.

GERTIE: (*Skielik skel en hard*) Kom in, julle twee! Julle wil nie koue vat nie!

MIEM: (*kwaad*) Gertie!

*Gertie lyk verleë en gaan sit by die stoof. Meisie lei die konstabel binne. Haar wange gloei en haar oë blink. Sy maak die agterdeur toe. Die sirkusmusiek word nie meer gehoor nie*.

15.1 Waarom pla dit vir Gertie dat Konstabel en Meisie so lank alleen buite is? (1)

15.2 Reël 10 is van toepassing.

15.2.1 Na wie verwys die "***hy***"? (1)

15.2.2 Verduidelik waar die "***hy***" hom bevind en hoekom hy daar is. (2)

15.3 Wat kan jy aflei van Miem se karakter in reël 15? (1)

15.4 Wat, dink jy, is moontlik die rede waarom Meisie se wange gloei en haar oë blink volgens reël 17? (2)

15.5 In reël 18 maak Meisie die agterdeur toe. Waarom doen Meisie dit en wat impliseer hierdie gedrag moontlik van haar verhouding met Miem en hulle siening van die sirkus? (3)

*MEISIE maak die deur toe. Die sirkusmusiek word nie meer gehoor nie.*

KONSTABEL: Alles reg, Juffrou. (*maak sy keel skoon*) Ek hoop nie u neem aanstoot nie, maar dit val my op dat u u miskien blind staar teen die feite.

MIEM: Hoe so, Konstabel?

KONSTABEL: Al hierdie feite is tog ooglopend. Maar daar is ander gegewens wat u miskien misgekyk het.

GERTIE: En wat sou dit wees, Konstabel?

KONSTABEL: (*kil*) Ek het al te veel gesê. Kom ons laat dit daar. (*klap sy hande saam)* Nou wel, as u dan die saak oopgevlek het, is dit seker waarom ek hier is. Miskien koester die persoon … of persone …

GERTIE: Ag nee, Konstabel! Is daar dan meer as een?

KONSTABEL: 'n Mens weet nooit. Enigiets is moontlik.

MIEM: Ja, dit is waar. (*aan MEISIE*) Vir wat staan jy by die venster? Kom sit en maak jou sak klaar.

MEISIE: Ja, Ma.

*MEISIE gaan sit en werk verder.*

15.6 Die sirkusmusiek is een van die herhalende motiewe in die drama. Wat is die funksie daarvan in "***Mis***"? (1)

15.7 Hoe sluit die uitdrukking in Konstabel se eerste spreekbeurt (reëls 2 tot 4) by die titel van die drama aan? (1)

15.8 Waarom is Konstabel se woorde, "***... blind staar teen die feite ...***" (reëls 3 en 4) ironies? (2)

15.9 Verklaar waarom Meisie by die venster staan (reëls 15 en 16). (1)

*MEISIE verskyn in die gangdeur. Sy is kaalvoet en dra haar wit aannemingsrok.*
*MEISIE kyk nie na die KONSTABEL nie*.
MEISIE: *(koponderstebo en skaam)* Ek het gehoor hulle gaan slaap. Toe kom ek maar. Jy het gesê my aannemingsrok.
*Die KONSTABEL draai om en kyk na haar.*
MEISIE : Maar dis al 'n bietjie klein. *(kyk op, skrik)* Maar waar is die konstabel dan?
KONSTABEL : Dit is ek. Ken jy my nie?
MEISIE: Maar jy lyk so … anders.
KONSTABEL: Dié tyd van die nag lyk ek altyd so.
MEISIE: Altyd?
KONSTABEL: Ja. (*glimlag*) Altyd. (*haal sy bril stadig af en kyk na haar)*
MEISIE: En …jy kan sien!
KONSTABEL: Dit is omdat dit so laat is. As dit baie laat word, kan ek altyd sien.
MEISIE: Regtig?
KONSTABEL: Ja. En ek is bly ek kan sien, want nou kan ek vir jou sien. En jy is baie mooi.
MEISIE: *(verwonderd)* Is ek?
KONSTABEL: Jy is.
MEISIE: (*verleë*) Jy het mos gesê sonder skoene.
KONSTABEL: Ja. (*trek die gordyne opsy)* Dis net reg so. *(maak die venster oop)*
*Sirkusmusiek word gehoor*.
MEISIE: Asseblief! Maak toe die venster. Ek mag nie die musiek hoor nie! Asseblief.
KONSTABEL: Net vir 'n rukkie. Daar trek so 'n soet luggie. (*glimlag)*
MEISIE: (*druk haar hande oor haar ore*) Die musiek is so hard. Ek mag dit nie hoor nie.
*Die KONSTABEL maak vinnig die deur oop. Die musiek is nou harder.*
MEISIE: Nee! Maak toe die deur! *(hardloop na die deur*)
*Die KONSTABEL keer haar voor. Sy hardloop na die wastafel en leun oor om die venster toe te maak. Die KONSTABEL sit sy hande om haar middel. Sy verstar. Hy draai haar stadig om na hom. Sy laat haar arms sak. Die KONSTABEL neem haar gesig tussen sy hande en kyk na haar. MEISIE beweeg stadig haar kop van kant tot kant.*

15.10 Bespreek die verandering wat in Konstabel plaasgevind het. (2)

15.11.1 Watter ooreenkoms tussen Meisie en die verdwyning van die twee meisies word hier duidelik? (1)

15.11.2 Waarom is dit insiggewend dat Meisie se voorkoms hier genoem word? (1)

15.12.1 Stem jy saam met die volgende stelling?

Meisie word soos ‘n prinses deur ‘n betowerende prins uit haar haglike omstandighede gered en bevry. (1)

15.12.2 Motiveer jou antwoord. (2)

15.13 Dink jy Konstabel se optrede is oortuigend in hierdie gedeelte?

Motiveer jou antwoord. (2)

15.14 Bespreek die aanvaarbaarheid van Meisie se keuse aan die einde van die drama. (1)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**

**GROOTTOTAAL: 80**